6.4 Oorhoofse projektors en kopiëermasjien, episkoop.

6.5 Geslotebaan televisie.

6.6 Platespeler.

6.7 Meganiese onderrigmasjien vir geprogrammeerde onderrig.

6.8 Mikrofilmbiblioteek.

6.9 Geakkrediteerde skole.

7. REFERENSIELYS

(Hieronder volg 'n lang lys boeke waarvan sommige aangedui word as geskik vir die studente. P.J.v.Z.)

BYLAË D

PRAKTIESE OPVOEDKUNDE U.L.O.D.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

1. Inleiding oor Praktiese Opvoedkunde en sy plek in die Opvoedkunde.
2. Die praktiese onderwys soos dit in die skoolsituasie tot openbaring kom, nl. organisasie en administrasie; die onderwyser, die leerling, die leerstof en indeling daarvan, die leermiddele.
3. Die vraagstukke van die Algemene Metodiek; die algemene beginsels soos die aktiwiteits- en ander beginsels; algemene metodes soos die vertel-, besondere metodes soos die projek en programmetode.
4. Die Algemene vraagstukke van tughandhawing op skool.

BYLAE E

DIDAKTIEK H.P.O.D.

DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

1. Didaktiek en Pedagogiek: Didaktiese pedagogiek
   (i) Objeksgebied.
   (ii) Metodes.
   (iii) Kategorieë.
   (iv) Kriteria.
   (v) Algemene, besondere, vak- en ortodidaktiek.

2. Die Skool
   (i) Sy pedagogiese relevansie.
   (ii) Die onderwyser.
   (iii) As leefwêreld.
   (iv) Die pedagogiese taak van die skool.

3. Die leerinhoud
   (i) Pedagogiese betekenis van die leerinhoud.
   (ii) Vormende waarde: Vorming.
   (iii) Opbou van die leervakke.

4. Didaktiese perspektief op die leerverskynsel
   (i) Aansluiting by die pedagogiese psigologie.
   (ii) Leerkategorieë: waarneming, ervaring, objektiwiteit.
   (iii) Didaktiese interpretasie in die lessituasie.

5. Didaktiese grondvorme
   (i) Gesprek - klas -, leer-, kontrole gesprek ens.
   (ii) Eksemplariese.
   (iii) Spel.
   (iv) Opdragte.
   (v) Spontane aktiwiteit (self doen.)

6. Didaktiese beginsels

(i) Aktiwiteit.
(ii) Kreatiwiteit.
(iii) Differensiasie.

7. Leerstofordeningsbeginsels

(i) Simbioties.
(ii) Kronologies.
(iii) Progressief.
(iv) Konsentries.
(v) Punktueel.

8. Metodologiese beginsels

1.(a) Induktief.
(b) Deduktief.

2. Besondere metodes.
(a) Vraag-en-antwoord (programmering.)
(b) Spel (Waldorf - Rudolph Steiner.)
(c) Demonstrasie.
(d) Eksperimente.
(e) Dril.
(f) Handboek, ens.

9. Lesstruktuur

Doel, grondvorm, probleemstelling, reduksie van inhoud, metode, ordening, inoefening / toepassing, kontrole.

10. Lesanalise en leskritiek

11. Ortodidaktiek (afsonderlike periodes )

BYLAE F

OPVOEDKUNDE

HOëR PRIMêRE ONDERWYSERSERTIFIKAAT O.V.S.

Inleiding

Hierdie kursus is 'n sintese deur samestelling en/of integrering van opvoedkundige beginsels vervat in die teorie, die sielkunde, die geskiedenis en die metodiek van onderwys. Die doel is om die student-onderwyser bewus te maak van die onderlinge samehang van die sielkunde, die filosofie en die geskiedenis as rigtinggewende faktore in die onderwyspraktyk. Die lyn moet altyd deurgetrek word tot by die praktyk en die klem moet val op die aspekte wat vir die student van praktiese waarde is of op dit wat onontbeerlik is om opvoedkundige denke en aktiwiteit te verklaar. Die strewe moet wees om die student toe te rus om 'n bekwame onderwyser in die klaskamer te word en hom prinsipieel vir sy lewenstaak te oriënteer. By wyse van illustrasie is die verwysing na skoolvakke en klaskamerprosedure onvermydelik maar dit behoort ooreen te stem met die vakmetodieke wat die verantwoordelikheid van vakdosente is.

EERSTE JAAR

AFDELING A

1. Aandag en belangstelling.
2. Leermetodes.
3. Leergereedheid en individuele verskille.
4. Die aanpassingsproses:
   (a) Die begrippe „aanpassing" en „wanaanpassing."
   (b) Voorkoming en diagnosering van aanpassingsprobleme.

AFDELING B

1. ALGEMENE TEGNIEKE VAN DIE ONDERWYS

Omskrywing van begrippe.

Die lesplan as onderwystegniek:

Omskrywing en voordele, vereistes, die vorm van die lesskema.

Die vraag as onderwystegniek:

Die plek, waarde en funksie van die vraag, die tegniek van vraagstelling, die hantering van kinderantwoorde en kindervrae, die vraag- en antwoord-metode.

Hersiening as onderwystegniek:

Begripsverklaring, hersiening in die enger betekenis van die woord, hersiening in die breë betekenis van die woord.

Illustrasies as besondere tegniek van onderwys:

Omskrywing van die begrip, woordillustrasie, konkrete illustrasies, besondere tegnieke wat by verskillende illustrasiemiddele aangewend behoort te word.

2. DIE ONDERWYSER

Die plek van die onderwyser:

Sentrale plek, onvervangbaar, bevredig kinderlike behoefte.

Karakteristiek en persoonlikheid van die onderwyser:

Lewens- en wêreldbeskouing, sy persoonlikheid, eise wat die kind stel, gewenste eienskappe van die onderwyser.

Die opleiding van die onderwyser:

Akademies, professioneel.

3. ALGEMENE BEGINSELS VAN METODE

(i) Leerlingaktiwiteite.

(ii) Integrasie.

(iii) Belewing (Pestalozzi.)
(iv) Bekende en onbekende.
(v) Konkrete na abstrakte.
(vi) Geheel na dele.
(vii) Van eenvoudige na ingewikkelde.

4. ALGEMENE METODES VAN ONDERWYS

Die „ideale" metode van onderwys.

Die woordmetode

algemene beskrywing en variasies, waarde en leemtes, wenke.

Die handboekmetode

algemene beskrywing en variasies,
waarde van die handboek op skool,
die keuse van 'n geskikte handboek,
die gebruik van die handboek as volwaardige middel.

Die denkmetode

induksie en deduksie as twee-eenheid, die induktiewe fase.

Die studiemetode

algemene beskrywing, tipes van selfstandige studie, die tegniek van studie onder toesig as onderwysmetode.

Die metode van resitasie en onderlinge bespreking

algemene beskrywing, die gesosialiseerde resitasie.

Die speelmetode

Die ontwikkeling van spelaktiwiteite by die kind,
die toepassing van die speelmetode.

5. DIE OPVOEDINGSVERSKYNSEL

Opvoeding, vorming, onderwys en dressuur.

6. LEWENSBESKOUING EN OPVOEDING

(a) Die verband tussen opvoedingsteorie en opvoedingspraktyk.

(b) Die verband tussen lewensbeskouing en opvoeding.

(c) Agtergrondstudie: Die Atheense en Romeinse opvoedingstelsels met verwysing na doel, inhoud, metode en organisasie.

TWEEDE JAAR

AFDELING A

1. Motivering in die onderwys.
2. (a) Intelligensie.
   (b) Meting.
   (c) Verslaggewing en hou van rekords.
3. Leerteorieë.
4. Groei en ontwikkeling van die kind tot en met adolessensie.
5. Leer en denke.

AFDELING B

1. Die Christelike lewensbeskouing as grondslag van die Vrystaatse onderwysstelsel.
   (a) Agtergrond:
      (i) Ou Israel.
      (ii) Hervormingstydperk (Luther, Calvyn, Jesuïete.)
   (b) (i) Christelike mensbeskouing (skepping, sondeval, verlossing, eindverwagting.)
      (ii) Christelike wêreldbeskouing.
      (iii) Christelike waardebeskouing en sedeleer.
      (iv) Die Christelike waarheidsbeskouing.
      (v) Christelik nasionale onderwys - wat dit beteken.

2. Die noodsaaklikheid, moontlikheid en grense van die opvoeding en onderwys met spesiale verwysing na die kind as voorwerp van die opvoeding, en die taak van die opvoeder.

3. DIE TUGVRAAGSTUK OP SKOOL

Teorie oor orde en dissipline:

Despotiese dissipline, vrye dissipline, belangstelling en dissipline.

Sintese van vryheid, gesag en dissipline.

Die gesag van die onderwyser.

Die taak van die onderwyser as gesagdraer.

Die skep van omstandighede ter voorkoming van wangedrag.

Algemene oorsake van skooloortredinge:

Fisiologiese oorsake, sosiale faktore, huislike omstandighede, persoonlikheids-eienskappe van die leerling, die klaskamer, die onderwyser.

Tugmetodes:

Met die oog, met die woord, met die daad.

Algemene beginsels en wenke by die toepassing van straf.

4. DIE LOONGEDAGTE IN DIE CHRISTELIKE OPVOEDING

Die regverdiging van beloning as opvoedingsmiddel:

Sedelike motivering, oorwegings in verband met die sedelike onrypheid van die kind, psigologiese oorwegings.

Die funksie en gebruik van beloning in die klaskamer:

Beloning en die sedelike ontwikkeling van die kind,

Beloning en die verstandelike ontwikkeling van die kind.

Basiese beginsels by die opvoedkundige gebruik van beloning:

Beloning, 'n opvoedingsdaad op die weg van selfopvoeding, beloning altyd in verhouding met die daad:

Materiële beloning, simboliese beloning, spesiale voorregte, beloning met die woord, uitstallings, die prysuitdelingsfunksie, beloning in ooreenstemming met die indiwidualiteit van die kind, beloning vir werkywer gemeet in terme van volgehoue werkprestasie, beloning slegs suksesvol in die hand van die gerespekteerde onderwyser.

5. PEDAGOGIESE GRONDSLAG VAN METODIEK
   (a) Ordelikheid.
   (b) Evaluering.
   (c) Bemeestering van leerstof.
   (d) Diagnostiese en remediërende beginsels.

6. Besondere metodes van onderwys met verwysing na die beginsels van die „nuwe" metodiek soos indiwidualisering, sosialisering, ens. en soos toegepas in die Daltonplan en Projek-metode.

DERDE JAAR

1. DIE DOEL EN INHOUD VAN DIE OPVOEDING
   (a) Religieuse doelstellings.
   (b) Etiese doelstellings.
   (c) Estetiese doelstellings.
   (d) Sosiale doelstellings.
   (e) Verstandelike doelstellings.
   (f) Liggaamlike doelstellings.

2. OPVOEDINGSINSTELLINGS

   Die huis, kerk, skool en staat.

3. <u>VERSKEIDENHEID VAN LEWENSBESKOUINGS EN HUL INVLOED OP DIE OPVOEDINGSTEORIE EN PRAKTYK TOT TANS</u> (Slegs in breë trekke).

(a) Die Humanisme (Erasmus, Da Feltre.)
(b) Realisme (Comenius.)
(c) Rasionalisme (Locke.)
(d) Naturalisme (Rousseau.)
(e) Die moderne rigtings (Dewey, Montessori, Decroly.)

4. 'n <u>KORT OORSIG VAN</u>

(a) Onderwys aan die Kaap tot voor die Groot Trek.
(b) Onderwys in die Oranje Vrystaat tot 1910.
(c) Vernaamste veranderinge van die onderwysstelsel in die Oranje-Vrystaat sedert 1910.

5. <u>ONDERWYSBEHEER</u>

Sentraal, Provinsiaal, Onderwysdepartement, skoolrade en skoolkommissies.

6. <u>DIE INTERNE SKOOL- EN KLASORGANISASIE</u>

(a) Die skoolhoof:
  Die gesag van die skoolhoof;
  Die skoolhoof se verhoudinge tot die ouers en publiek, leerlinge en die personeel;
  Eienskappe van die suksesvolle skoolhoof;
  Pligte van die skoolhoof:
    Ouers en publiek, skoolkommissies en personeel, kinders, skoolterrein, algemene organisatoriese en kantoorpligte.
(b) Die noodsaaklikheid van beplanning;
  Die rooster;
  Skemas en verslae;
  Bywoningsregisters;

Huiswerk:

doel en waarde, nadele, beginsels vir die gee van doeltreffende huiswerk;

Die klaskamer en die skoolterrein;

Eksamens, rapporte en promosie;

Buiteskoolse aktiwiteite:

nut en waarde, basiese beginsels.

(c) Die onderwyser:

Die professie en status van die onderwyser.

Die verskillende verhoudings van die onderwyser:

Die leerlinge, kollegas, skoolhoof, onderwysdepartement, die samelewing, burgerlike verhoudings.

Die pligte van die onderwyser.

7. <u>ONDERWYSREGULASIES EN DIENSVOORWAARDES</u> met spesiale verwysing na die Staatskoerant No. 69 van 31 Desember 1954 soos later gewysig.

8. <u>EEN VAN DIE VOLGENDE NA GELANG VAN DIE KURSUS</u>

(a) <u>Houtwerk- en Naaldwerkkursus</u>:

(i) Die doel en opvoedkundige waarde van handwerk as opvoedingsmiddel: Comenius, Locke, Rousseau, Pestalozzi, Herbart, Fröbel, Salomon, Dewey, Kerschensteiner.

(ii) Kinderstudie en Handwerk.

(iii) Motoriese vaardighede by die doen van handwerk.

(iv) Die sintuiglike waarneming van voorwerpe, beweging, rigting en vorm.

(v) Omgewingstoestande: vermoeienis, ongelukke, veiligheid, doeltreffendheid.

(vi) Die rol van nabootsing in die verkryging van bedrewenheid.

(vii) Ontwikkeling van opvoedkundige handwerk in Finland, Swede, Frankryk, Engeland, Duitsland en V.S.A.

(b) Junior Kursus:

(i) Baanbrekers van Kleinkinderonderwys; bv. Froebel en Montessori in besonderhede behandel met spesiale verwysing na apparaat deur hulle ontwerp.

(ii) Afwykings- liggaamlik en geestelik wat aangetref mag word by leerlinge van hierdie ouderdom. Die moontlike behandeling van hierdie afwykings.

(iii) Verstandelike vertraagdheid by leerlinge van hierdie ouderdomsgroep, probleme wat daaruit voortspruit en remediërende werk wat gedoen behoort te word.

(c) Alle ander kursusse:

Remediërende Onderwys en ander temas uit die Sielkunde.

BYLAE G

BEGINSELS VAN DIE OPVOEDKUNDE

DIE PRIMÊRE ONDERWYSERSDIPLOMA KAAPPROVINSIE

(1) Inleidende Opmerkings

(a) Hierdie kursus is 'n sintese, deels deur samestelling en deels deur integrering, van die vernaamste opvoedkundige beginsels vervat in die opvoedkundige teorie, die sielkunde, die metodiek, en die geskiedenis van die onderwys. Die doel hiervan is om die studentonderwyser toe te rus met 'n hegte insiggewende agtergrond vir sy klaskamertegniek en om hom bewus te maak van die onderlinge samehang van die sielkunde, die filosofie en die geskiedenis van die onderwys as rigtinggewende faktore in die onderwyspraktyk. Die inhoud behels alleen wat vir die studentonderwyser van praktiese waarde kan wees of wat vir hom onontbeerlik is om die opvoedkundige denke en aktiwiteit te verklaar.

(b) Daar word veronderstel dat die gewone benadering sal ooreenstem met die volgende uiteensetting: eers die teoretiese grondslag of agtergrond, dan die beginsels van die metodiek en daarna 'n studie van dié gedeeltes uit die geskiedenis van die onderwys waarin hierdie teoretiese grondslag en beginsels hulle toepassing vind. Elke afdeling word gebruik om die ander toe te lig en alles word doelbewus aangewend om die studentonderwyser toe te rus om 'n bekwame onderwyser in die klaskamer te word. Twee vereistes moet egter in ag geneem word:

(i) Die benadering mag induktief liewers as deduktief wees - die dosent mag begin met probleme wat voorkom in die praktiese klasonderwys, die verskillende idees behandel wat van tyd tot tyd met betrekking tot die probleem gehuldig is deur die groot opvoedkundige denkers, en dan afsluit met 'n formulering of uiteensetting van die opvoedkundige beginsels wat aan die onderwyspraktyk geldigheid verleen.

(ii) Daar word verwag dat daar onderlinge verwysing sal wees. So kan dosente bv. alreeds verwys na die idees van Locke wanneer die natuurlike oorerwing van die kind behandel word.

(c) Die verwysing na skoolvakke en klaskamerprosedure sal onvermydelik wees, al sou dit alleen by wyse van illustrasie geskied, maar sodanige verwysing behoort ooreen te stem met die onderrig wat gegee word in die vakmetodiek; in geen geval mag dit radikaal daarvan afwyk nie. (Daar moet in gedagte gehou word dat onderrig in die metodiek van die verskillende vakke die verantwoordelikheid van die personeellede is aan wie die betrokke vakke toevertrou is.) Die koördinasie van algemene beginsels, vakmetodiek en praktiese onderwys is noodsaaklik en die kollege sal reëlings moet tref vir doeltreffende onderlinge beraadslaging.

(d) Die koördinasie moet nie vertolk word as regimentasie van denke en prosedure nie, ook nie as die oplegging op die personeel en die studentonderwyser van voorgeskrewe metodes nie, maar dit beteken wel dat die studentonderwyser daarop attent gemaak moet word wanneer daar uiteenlopende benaderings is. So 'n meningsverskil hoef nie skadelik te wees nie mits onderlinge beraadslaging daaroor in die regte professionele gees geskied. Vroeër of later moet die studentonderwyser besef dat alternatiewe metodes moontlik, ja, selfs noodsaaklik is, en dat elke onderwyser self 'n tegniek sal moet ontwikkel en aanvaar wat pas by sy besondere gawes en aangepas is by die bepaalde behoeftes van sy leerlinge. Al die aspekte van die opleiding moet meewerk om die studentonderwyser toe te rus met geïntegreerde of gekoördineerde opvoedkundige denke en lesgeevaardigheid, waarin daar buigsaamheid en toelaatbare verskeidenheid sal wees.

(e) In ooreenstemming met die Departementele beleid, is dit nie die bedoeling dat hierdie kursus in al die besonderhede voorskrywend sal wees nie. Aan die kolleges word die vryheid toegestaan om dit te vertolk volgens die spesifieke opleiding

en die voorkeur van die dosente. Hulle kan ook die kursus wysig in ooreenstemming met die bepaalde behoeftes van die studentonderwysers soos dit van tyd tot tyd mag blyk en hulle mag dit inpas by enige geskikte projek. Daar word veronderstel dat daar kennis geneem sal word van die wysigings in Departementele beleid, hetsy uitgesproke hetsy by implikasie. So 'n wysiging of vertolking sal egter moet geskied in die gees en binne die raamwerk van die kursus.

(f) As algemene leidraad is die samestellende dele van die kursus aangedui deur middel van inspringparagrawe en deur letters. A dui sielkunde, opvoedkundige en filosofiese teorie aan, B metodiek en C geskiedenis van onderwys. Nog 'n afdeling D is bygevoeg en dit bevat spesiale onderwerpe of voorgestelde studievelde wat in die vorm van take behandel kan word. Geen onderwerp in hierdie afdeling is verpligtend nie, maar aan ten minste die meer belowende studentonderwyser kan die geleentheid gegee word om die kursus te verryk deur óf individueel óf in groepe 'n spesiale studie te maak van sommige temas wat hier aangedui word. Dit is vanselfsprekend dat verwante of geassosieerde temas, op die inisiatief van die kollege, bygevoeg mag word.

(g) Daar moet 'n doelbewuste strewe wees om 'n verdieping in die studie te bewerkstellig, veral deur die studente aan te moedig in hul selfstudie en die uitwerk van addisionele aanvullende aantekeninge uit standaardwerke in die biblioteek. Vir hierdie selfstudietake mag daar 'n jaarpunt van hoogstens 20% van die punte aan die vak toegewys word. 30% kan vir die jaar se toetse (of die halfjaarlikse eksamen) toegeken word. Die res van die punte (ten minste 50%) moet toegeken word vir die finale eksamen. Die werk van elke jaargang word in die finale eksamen van daardie jaar afgeskrywe. Geen werk of punte word van een jaar na die ander jaar oorgedra nie.

Die bygaande sillabus vir die Junior en Senior Kursusse (eerste en tweede jaar) en die Senior Kursus (derde jaar) word in twee afdelings ingedeel. Die voorgestelde indeling hou wel deeglik rekening met die logiese opeenvolging en uitbouing van die leerstof. Deel I neem 'n aanvang by <u>die kind</u>

en verloop logies oor drie jaar tot by die aanpassing van die onderwyser. Deel II word soortgelyk uitgebou: dit begin by die doelstellings, die aard en die waarde van opvoeding en eindig by die onderwysadministrasie. Sonder so 'n indeling sal die samehang verbrokkel word en die sillabus onsamehangend en fragmentaries wees.

Deel I en Deel II moet nie as geïsoleerde afdelings beskou word nie, maar beide hierdie afdelings moet binne 'n bepaalde studiejaar met behoud van die eenheidsverband behandel word.

Origens kan hierdie indeling ook as 'n georganiseerde grondslag van onderrig dien, waar meer as een dosent by dieselfde Opleidingskollege vir die doseer van die vak verantwoordelik is.

o O o

In die eerste en tweede jaar is die sillabus vir die Junior Kursus presies dieselfde as dié vir die Senior Kursus, gevolglik pas dit ook heel gerieflik in by die bogemelde Dele I en II van die sillabus. In die derde jaar verskil die Junior Kursus dermate van die Senior Kursus, dat die leerstof nie in Dele I en II ingesluit kan word nie. In die finale jaar bestaan die Junior Kursus dus uit die drie onderskeie vakke Sielkunde, Geskiedenis van die Onderwys en Algemene Metodiek.

DEEL I

EERSTE JAAR (JUNIOR EN SENIOR KURSUSSE)

DIE KIND

(A) Die rol wat oorerwing en omgewing speel. Rypwording in al sy aspekte: liggaamlik, emosioneel, verstandelik, ens. Die algemeen aanvaarde stadiums in die ontwikkeling van die individu: kleinkinderstadium, kleuterstadium, kinderstadium, ens.

(B) Die Kind tuis en op skool. Stadiums in die opvoeding: Kindertuin, primêre en sekondêre opvoeding.

(C) Rousseau - die kind as middelpunt van die opvoeding.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE KIND

(A) Liggaamlik: Groei; voeding; higiëniese toestande.

(B) Gesondheidsleer op skool; ideale skooltoestande; die rol van liggaamlike opvoeding en sport in die bevordering van ratsheid en vaardigheid.

(C) Saaklike verwysing na die Spartaanse opvoeding.

(D) Departementele mediese dienste.

(A) Emosioneel: Emosies, sentimente, stemminge en gesindhede.

(B) Gewone emosionele probleme op verskillende ouderdomme. Selfdissipline en selfekspressie as faktore in die ontwikkeling van die persoonlikheid.

(C) Die ontwikkeling van estetiese waardering - kuns, musiek en letterkunde.

(A) Sosiaal: Tipiese sosiale faktore: vriendskappe, „bendes", spele, klubs en jeugbewegings. Belangstelling in die teenoorgestelde geslag.

(B) Die rol van skoolspele, klubs, ens. om sosiale aanpassing te bevorder.

(C) Buitemuurse aktiwiteite.

(A) Godsdienstig en Moreel: Die individu as 'n godsdienstige en morele wese.

(B) Die aard van godsdiensonderrig in nie-sektariese skole. Karaktervorming op skool - belangrikheid en regte benadering.

(A) Verstandelik: Die begrippe „intelligensie" en „intelligensie-kwosiënt". Verstandsouderdom; Suid-Afrikaanse verstandstoetse.

(B) Ouderdomsgroepe en standerds op skool; skolastiese vertraging; groepering volgens bekwaamheid; spesiale klasse vir verstandelik vertraagde leerlinge; die behoeftes van buitengewoon skrander leerlinge; leergereedheid.

(C) Departementele sielkundige dienste. Verryking en verdunning.

TWEEDE JAAR (JUNIOR EN SENIOR KURSUSSE.)

DINK EN REDENEER

(A) Die prosesse gewaarwording en waarneming en die rol wat die sintuie daarin speel.
Die dinkmateriaal: beelde, begrippe en taal.
Die reproduktiewe en die produktiewe dinkprosesse.
Faktore wat die denke beïnvloed.

(B) Induktiewe en deduktiewe denke; die bevordering van skeppende denke; skepping van regte klasatmosfeer.

(C) Francis Bacon: Sintuiglike realisme. Die wetenskaplike metode.

DIE LEERPROSES

(A) Die begrip „leer".
Die leerwette.

(B) Metodes van leer: probeer-en-tref, nabootsing, kondisionering, meedeling, insig of ontdekking, ens. Skepping van 'n doeltreffende leersituasie.

(C) Locke: dissiplinêre begrip van die onderwys.

DIE WAARDE VAN BELANGSTELLING EN AANDAG VIR DIE LEERPROSES

(A) Belangstelling: sy nut en waarde.
Aandag: soorte aandag; omvang van die aandag; fluktuering van aandag, ens.

(B) Die gebruik van die natuurlike drange om belangstelling te wek en te hou.
Faktore wat die gee van aandag in die klaskamer bevorder.

(C) Herbart; Froebel; Montessori; Dewey.

DIE GEHEUE EN DIE LEERPROSES

(A) Soorte geheue.
Die rol wat beelde en assosiasie speel.
Beklemtoning van die wette van assosiasie.

(B) Metodes wat aangewend word om leerstof meer doeltreffend te memoriseer: hersiening, verspreide herhaling, geheel-en-deel-metode van leer, ens.
Die waarde en noodsaaklikheid van hulpmiddels in die onderwys.

(C) Ontwikkeling wat uitgeloop het op die moderne benadering in die onderwys.
Comenius; Rousseau; Pestalozzi; Herbart; Froebel.

FAKTORE WAT DIE LEERPROSESSE BEVORDER

(A) Oordrag.
Gewoontes.

(B) Doelbewuste leer met die oog op oordrag.
Koördinasie; korrelasie; motivering.

DERDE JAAR (SENIOR KURSUS)

ADOLESSENSIE

(A) Adolessensie as 'n oorgangstadium.
Die kenmerkende lompheid van die adolessent en die sielkundige betekenis van die liggaamlike veranderinge.

Die psigiese ontwikkeling van die adolessent en die probleme wat daarmee saamhang.

(B) Aanpassing in die onderrig van sekere skoolvakke, soos o.a. Handwerk, Sang, Kuns en Liggaamsoefening, om rekening te hou met die veranderde omstandighede van die adolessent.

(C) Sekere tipiese jeuggroepe, soos bv. die eendsterte, die beatles, ens. Moontlike oorsake wat sulke bewegings ten grondslag lê.

DIE PERSOONLIKHEID

(A) Die begrip „persoonlikheid" en wat dit insluit.
Die groei en ontwikkeling van die persoonlikheid.
Die invloed van erflikheids- en omgewingsfaktore.
Enkele persoonlikheidstipes en die kritiek wat teen sommige tipelogieë ingebring word.

(B) Die rol van die skool in die vorming van die kind se persoonlikheid. Spesiale beklemtoning van karakterontwikkeling.

GEDRAGSPROBLEME EN DISSIPLINE

(A) Wat is wangedrag? Oorsake van gedragsprobleme - biologiese en sosiale faktore wat gedrag beïnvloed.
Sosiale behoeftes van die kind.
Aanpassingsprobleme: oorsake, uitingsvorme en behandeling.

(B) Wat is dissipline?
Gedwonge en vrywillige dissipline. Die verskil tussen positiewe en negatiewe dissipline.
Verkryging van leerlinge se samewerking: prefekte; leerlingrade; klaskapteins, ens. Soorte straf wat in die skool toegepas word.
Die Departementele regulasies t.o.v. straf.

(C) Beskouinge van Dewey, Langeveld en Gunter.

(D) Gewone vorms van wangedrag op skool en die doeltreffendste maniere van optrede.
Probleme ten gevolge van stremmende faktore en ongunstige omgewingstoestande.
Jeugmisdaad en die funksie van die skool in die voorkoming daarvan.

DIE ONDERWYSER AS JEUGLEIER

(A) Sy persoonlikheid. Die mag van die voorbeeld. Sy professionele groei.

(B) Vryetydsbesteding van leerlinge en die onderwyser se verpligtinge in dié verband.

(C) Die vernaamste kenmerke en werksaamhede van 'n aantal Suid-Afrikaanse jeugorganisasies: die Landsdiens, die Voortrekkers, die Padvinders, ens.

DIE AANPASSING VAN DIE ONDERWYSER

(A) Die geestesgesondheid van die onderwyser.
Oorsake van persoonlike wanaanpassing by die onderwyser en die moontlike gevolge wat dit vir die leerlinge kan inhou.

DEEL II

EERSTE JAAR (JUNIOR EN SENIOR KURSUSSE)

DIE DOELSTELLINGS, DIE AARD EN DIE WAARDE VAN OPVOEDING

(A) Persoonlik: individuele ontwikkeling en groei; die begrip rypwording en die rol wat opvoeding daarin speel.
Sosiaal: Die oordrag van ondervinding uit die verlede; aanpassing en skikking.

Moreel en geestelik: die ontwikkeling van 'n verantwoordelikheidsin; etiese groei.

(B) Die behoefte aan selfuitdrukking. Die behoefte aan opleiding en dissipline. Die behoefte aan godsdiens en morele onderrig.

(C) Die Griekse beskouing oor die opvoeding: Atheense opvoeding, Socrates, Plato en Aristoteles.
Jesus as modelonderwyser. Die waarde van die individu (die kind).
Die Renaissance en die herlewing in wydvertakte geleerdheid.
Luther en die opvoeding van die Hervormingstydperk - die gebruik van die volkstaal.

(D) Sendingskole in Suid-Afrika.
Die rol van eksperimentering in die onderwys met die oog op verbetering en hernuwing.

TWEEDE JAAR (JUNIOR EN SENIOR KURSUSSE)

DIE ROL, ONTWIKKELING EN FUNKSIE VAN DIE SKOOL

(A) Beginsels van die sosiale Sielkunde wat op die skool betrekking het.
Die individu as 'n sosiale wese wat aan sosio-sielkundige invloede onderhewig is.

(B) Die ontstaan en die ontwikkeling van die skool.
Die rol van die skool in die moderne samelewing.
Die belangrikheid van openbare skole in 'n demokratiese samelewing.
Die funksie van die laerskool.

(C) Die gevolge van die Franse en Industriële Revolusies.
Die ontwikkeling van staatsondersteunde skole in die 19de eeu.
Sondagskole.

Monitor-skole.

Die „Volksschulen" op die Vasteland.

Verpligte en vrye onderwys: verhoging van ouderdom vir skoolverlating.

Die ontwikkeling van die idee van middelbare onderwys vir almal gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu.

(D) Moeilikhede wat teëgekom word in swak toegeruste skole en hoe hulle te bowe gekom kan word.

Eksperimentele skole:

Dalton-plan;

Decroly-metode;

Winnetka-plan;

Jena-plan.

DIE LEERGANG

(A) Beginsels wat in ag geneem moet word by die samestelling van 'n kursus.

(B) Die hooftrekke van 'n goeie kursus:

1. Godsdiensonderrig.
2. Die Tale.
3. Persoonlike higiëne en Gesondheidsleer.
4. Rekenkunde.
5. Sosiale opvoeding en Natuurleer.
6. Kuns, Musiek, Handwerk, Skrif.
7. Die verskil in die aard en die vereistes van elke vak.

(C) Comenius: universele kennis.

Herbart: veelsydige belangstelling.

Spencer en Huxley: uitbreiding van leergang om wetenskap in te sluit.

Moderne opvoedkundiges.

ORGANISASIE

(A) Die sielkundige waarde van kontrole en doeltreffende organisasie.(Hersiening van die begrippe „vertraging" en „versnelling" in skolastiese vordering.)

(B) Die skoolweek; skoolsessies; huiswerk.
Standerds; klasse; ouderdomsgroepe.
Groepering volgens bekwaamheid; individuele vordering.
Die Skoolrooster; die organisasie in kleiner skole; skoolfondse.
Klassifikasie; toetsing; bevordering; vertraging.
Puntestate; verslagkaarte; skoolrapporte.

DERDE JAAR (SENIOR KURSUS)

DIE ONDERWYSER

(A) Die waarde van sielkundige en opvoedkundige beginsels vir die onderwyser.

(B) Die rol en funksie van die onderwyser in die skool - oor die algemeen en in die klaskamer.
Professionele status van die onderwyser.
Hoedanighede van 'n goeie onderwyser.
Die onderwyser se verhouding tot :
1. leerlinge;
2. ouers;
3. kollegas;
4. skoolhoof en beherende liggame;
5. die samelewing waarin hy woon;
6. burgerlike en staatkundige aangeleenthede.

Die onderwyser in die klaskamer:
Sy behoefte aan basiese onderwys en opleiding.
Sy behoefte aan voortgesette studie om op hoogte van sake te bly met betrekking tot nuwe opvoedkundige idees (L.W. Departementele publikasies.)
Die waarde van toetsing om die doeltreffendheid van die onderwyser se metodes vas te stel.
Werkbeplanning: die onderwyser se rooster; werkskemas; lesvoorbereiding; verslag van werk.
Skoolstate en registers.
Departementele state en vorms.

(C) Lidmaatskap van Onderwysersvereniging.
Ouer-onderwysersverenigings.
Die ideaal van diens aan die gemeenskap.

ONDERWYSADMINISTRASIE

(B) Verdeling en toewysing (in 1910) van opvoedkundige funksie: Uniaal; Provinsiaal.
Die stigting van die Nasionale Adviserende Onderwysraad: poging om groter koördinasie tussen verskillende provinsies te bewerkstellig.
Die Kaapse Onderwysdepartement:
skoolrade;
skoolkomitees;
skole wat nie onder skoolrade ressorteer nie.
Diensvoorwaardes vir onderwysers.
Onderwysordonnansies.
Departementele regulasies.

(C) Ontwikkeling van die Kaapse onderwysstelsel:
'n Kort inleidende geskiedkundige skets:
Onderwys onder die H.O.I.K. en die Bataafse Republiek en die eerste jare van die Britse bewind; instelling van die Kaapse Departement van Onderwys.
Ontwikkeling van die vernaamste hoedanighede van die Kaapse onderwysstelsel met besondere verwysing na:
1. Ontwikkeling van 'n staatsonderwysstelsel.
2. Verpligte en vrye onderwys.
3. Moedertaal-onderwys.
4. Onderwyseropleiding.
5. Uitbreiding van die omvang van die primêre leerplan.
6. Inspeksie.
7. Middelbare onderwys.

(D) 'n Besondere studie van die ontwikkeling onder een van die volgende superintendente-generaal van Onderwys, Muir, Viljoen of De Vos Malan.

PRIMêRE ONDERWYSERSDIPLOMA-KURSUS: JUNIOR STANDERDS

DERDE JAAR (JUNIOR KURSUS)

A. SIELKUNDE

Metodes om die kind te bestudeer: introspeksie, sistematiese waarneming, die vraelysmetode, die eksperimentele metode, ens.

Die rol van oorerwings- en omgewingsfaktore in die bepaling van individuele verskille - liggaamlik en psigies - tussen kinders.

'n Intensiewe studie van die kind se ontwikkeling vanaf geboorte tot aan die einde van die kleinkinderskoolstadium. In dié verband word veral die volgende aspekte beklemtoon:

LIGGAAMLIKE ONTWIKKELING

Die groei en ontwikkeling van die liggaam met beklemtoning van enkele basiese groeiwette.

Motoriese ontwikkeling en die aanleer van motoriese vaardigheid, regs- en linkshandigheid, dubbelhandigheid, spieëlskrif, ens.

Die ontwikkeling van die sintuie met beklemtoning van hulle waarde vir die onderwys.

Sintuiglike versteurings: woordblindheid, woorddoofheid, ens.

TAALONTWIKKELING

Stadiums in die ontwikkeling van taal by die voorskoolse kind.

Spraakgebreke, bv. stotter, hakkel, lispel, ens.

Verskillende faktore wat taalontwikkeling beïnvloed: gereedheid; intelligensie; sosio-ekonomiese status van ouers; die posisie wat die kind - volgens orde van geboorte - tussen sy of haar broers en susters inneem.

## EMOSIONELE ONTWIKKELING

Die verloop van die kind se emosionele ontwikkeling met beklemtoning van die rol wat rypwording en leer daarin speel.

Die taak van die huis en die skool in die emosionele opvoeding van die kind.

Die moontlike nadele van effektiewe verwaarlosing vir die kind, bv. 'n gevoel van insekuriteit, kleinmoedigheid, ens.

Algemene probleme van emosionele aard wat in die klaskamer tot uiting kom: vrees, woede, jaloesie, koppigheid, ens. Die gewenste optrede in dié verband.

## SOSIALE ONTWIKKELING

Die noue verband tussen emosionele en sosiale ontwikkeling.

Die rol wat die ouerhuis en die skool in die proses van sosialisering speel. Faktore wat die sosiale ontwikkeling kan strem.

Enkele aanpassingsprobleme, bv. ontvlugting d.m.v. stokkiesdraai, skoolsiekte, ens.

Gedragsprobleme soos o.a. leuenagtigheid, oneerlikheid en uitdaging van gesag.

## GODSDIENSTIGE EN MORELE ONTWIKKELING

Die klein kind se begrippe van reg en verkeerd, goed en sleg.

Stadiums - net in breë trekke - wat die kind in sy of haar godsdienstige ontwikkeling deurmaak. Die morele leiding van die onderwyseres.

KOGNITIEWE ONTWIKKELING

(a) Intelligensie

Hersiening van die begrippe: intelligensie, intelligensie-kwosiënt, verstandsouderdom, verstandelike en skolastiese vertraging.

Onbetroubaarheid van intelligensiemeting by betreklike jong kinders.

Individuele verskille in die tempo van verstandelike ontwikkeling.

Die begaafde, die „normale" en die verstandelik vertraagde kind.

(b) Denke

Dinkprosesse by jong kinders. Die stimulering van leer deur insig.

(c) Leer

Verskillende soorte leer, bv. intensionele leer, toevallige leer, ens.

Die rol van rypwording en leergereedheid.

Die leerproses met beklemtoning van spesifieke faktore wat leer by kinders in die junior standerds beïnvloed.

Versteuringe in die skenk van aandag.

Reken- en leesswak kinders.

SIELKUNDIGE BESKOUINGE I.V.M. DIE VOLGENDE:

Fantasie.

Die vertel van en luister na stories.

Die kyk na prente.

Teken.

Kinderspel. Die waarde daarvan vir suksesvolle onderrig in die kleinkinderskool.

Intensiewe waarneming van een of twee kinders deur elke student. 'n Studie van die kind se agtergrond, sosiale reaksies, tipiese gedragsvorme, skolastiese prestasies, ens. Die opstel van 'n leerlingverslag na aanleiding van alles wat waargeneem is.

Die geestesgesondheid van die onderwyseres. Oorsake van persoonlike wanaanpassing en die gevolge wat dit vir die leerling in die kleinkinderskool inhou.

## B. ALGEMENE METODIEK

Die waarde van sielkundige en opvoedkundige beginsels vir die onderwys.

Die rol en funksie van die onderwyseres - oor die algemeen en in die klaskamer.

Lidmaatskap van onderwysersvereniging. Ouer-onderwysersverenigings. Die ideaal van diens aan die gemeenskap.

Professionele status van die onderwyser. Hoedanighede van 'n goeie onderwyser.

Die onderwyser se verhouding tot:

1. leerlinge;
2. ouers;
3. kollegas;
4. skoolhoof en beherende liggame;
5. die samelewing waarin hy woon;
6. burgerlike en staatkundige aangeleenthede.

Die onderwyseres in die klaskamer: haar behoefte aan basiese onderwys en opleiding. Haar behoefte aan voortgesette studie om op hoogte van sake te bly met betrekking tot nuwe opvoedkundige idees (L.W. Departementele publikasies.)

Die waarde van toetsing om die doeltreffendheid van die onderwyseres se metodes vas te stel.

Werkbeplanning: die onderwyseres se rooster; werkskemas; lesvoorbereiding; verslag van werk. Skoolstate en registers. Departementele state en vorms.

Verdeling en toewysing van opvoedkundige funksies: Uniaal; Provinsiaal. (1910.)

Die Kaapse Onderwysdepartement: skoolrade; skoolkomitees; skole wat nie onder skoolrade ressorteer nie; diensvoorwaardes vir onderwysers; onderwysordonnansies; departementele regulasies; die Nasionale Adviserende Onderwysraad.

## (C) GESKIEDENIS VAN DIE ONDERWYS

'n Studie van groot opvoeders (uit die verlede) wat besondere invloed op die opvoeding van jong kinders uitgeoefen het, veral Comenius, Rousseau, Pestalozzi, Froebel, Montessori, Decroly.

Die werk en invloed van meer moderne skrywers, bv. William Stern, Piaget, Karl Bühler, Charlotte Bühler, Susan Isaacs, Margaret Macmillan.

---